# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, GEVOLTREKKINGS, AANBEVELINGS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

## 6.1 INLEIDING

In wat hierop volg, word samevattings verstrek ten opsigte van die data in die vorige hoofstukke en gevolgtrekkings daaruit gemaak en wel onder die volgende hoofde: enkele persoonlike besonderhede van respondente, die mate waartoe Trans=vaalse matriekseuns oor sommige van die eienskappe van die goeie onderwyser beskik, die onderwyser as identifikasiefiguur, faktore wat Transvaalse matriekseuns moont=lik aanmoedig om die onderwys as loopbaan te kies, faktore wat Transvaalse matriek=seuns moontlik ontmoedig om die onderwys as loopbaan te kies, vergelyking van die onderwyser se salaris en diensvoorwaardes met dié van die man in die privaat=sektor en die invloed van persone met wie die Transvaalse matriekseuns dikwels in aanraking kom.

Aanbevelings sal gemaak word ter moontlike verbetering van die toetrede van man=like rekrute tot die onderwysberoep; asook aanbevelings om die terugvloei van mans wat uit die onderwys bedank het te stimuleer. Ten slotte sal gelet word op die moontlike implikasies daarvan.

## 6.2 SAMEVATTING

Die doel van hierdie ondersoek was om faktore wat blanke Transvaalse matriekseuns beïnvloed by die oorweging van die onderwys as loopbaan, vas te stel. In hoofstuk een is die probleem volledig uiteengesit en is 'n enkele aspek daarvan afgebaken vir nadere ondersoek. Vervolgens is 'n literatuurstudie oor die aangeleentheid gemaak om die huidige stand van kennis in dié verband saam te vat en te peil.
In hoofstuk drie is besondere aandag gewy aan die stand van kennis oor die toe=trede van die man tot die onderwys in Transvaalse primêre en sekondêre skole.
In hoofstuk vier is die metode van ondersoek, in hierdie geval die questionnaire, bespreek en die opstel van die betrokke geslote vraelys breedvoerig uiteengesit.

Verder is getoon hoe die gestratifieerde ewekansige steekproef uit die 215 Trans= vaalse sekondêre skole, waarin daar seuns voorkom, getrek is. Die vraelys is aan alle matriekseuns (1 180) van die geselekteerde skole voorgelê om te voltooi. Die steekproef verteenwoordig 11,3% ($\frac{1\ 180}{10\ 449} \times \frac{100}{1}$) (T.O.D., 1977, Klopper) van die totale populasie Transvaalse matriekseuns.

Hierna is die data uit die vraelyste deur die Rekensentrum van die P. U. vir C. H. O. hanteer. Uit die data wat deur die rekenaar voorspel is, is drie bylaes opgestel. Bylae 6, waarin die totale geskatte populasie Transvaalse matriekseuns se reaksie op die vraelys as 'n persentasie uitgedruk word; bylae 7, waarin die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys loopbaan sal kies, se reaksie op die vraelys aangedui word; en bylae 8, waarin die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, se reaksie op die vraelys aangedui word. In hoofstuk 5 word die geskatte persentasies Transvaalse matriekseuns in die verskillende strata wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, se reaksie op die vraelys ontleed en vergelyk met die totale populasie Transvaalse matriekseuns en met die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie. Hieruit is afleidings en gevolgtrekkings gemaak.

## 6.3 GEVOLGTREKKINGS

By die bespreking van elke afdeling is die bevindings daarvan saamgevat en gevolg= trekkings gemaak. As die bevindings en gevolgtrekkings van hoofstuk 5 beskou word, dan blyk dit dat die volgende samevattende en oorkoepelende gevolgtrekkings uit die ondersoek as geheel gemaak kan word:

6.3.1 Die tekort aan manlike onderwysers sal waarskynlik nie in die nabye toekoms deur die toetrede van manlike rekrute tot die onderwys verlig word nie. Om die tekort aan mans in die primêre en sekondêre skole uit te wis, sal 'n ver= hoging van die jaarlikse kwota beurse aan manlike rekrute nie veel help nie, want die kwota vir 1978 is nie volskryf nie (kyk par. 5.4.1). Daar sal na ander op= lossings gesoek moet word. Dit geld veral vir rekrutering uit die Engelsspre= kende populasie (kyk par. 5.4.1) en in sonderheid die stedelike Engelssprekendes.

6.3.2 Daar mõét daadwerklik en onmiddellik pogings aangewend word om meer

manlike rekrute vir die onderwys te bekom en wel uit die geledere van die popu= lasie met die beste skolastiese prestasies (kyk par. 5.4.2 en par. 5.4.3). In die werwing van hierdie kandidate moet die aandag dan veral toegespits word op Engelssprekendes.

6.3.3 Ouers wat by die onderwys betrokke is, oefen in die algemeen nie 'n positiewe invloed uit op hulle eie seuns om ook tot die onderwys toe te tree nie. Hierdie invloed is klaarblyklik nog groter waar die vader of moeder om een of ander rede die onderwysberoep verlaat het. Die verontrustende vraag word ook deur hierdie ooglopende verskynsel na vore gebring of onderwysers/esse wat die geneentheid van hulle eie seuns om tot die onderwys toe te tree, bewus of onbewus, nie kan wek nie, ooit daarin kan slaag om ander mense se seuns in hulle klasse positief te beïnvloed om tot die onderwys toe te tree (kyk par. 5.4.4 en par. 5.4.5). Moontlik is dit 'n rede waarom so min Transvaalse matriekseuns en veral Engelssprekendes waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies.

6.3.4 Roepingsbewustheid moet nie met idealisme verwar word nie. Eersge= noemde word veral gekenmerk deur liefde vir en verantwoordelikheid aan God en die naaste. Dit is veel meer as idealisme en sluit idealisme in, omdat dit geken= merk word deur die ideaal om diens te lewer. Roepingsbewustheid is egter nie ge= rig op slegs enkele beroepe nie, omdat die mens sy algemene roeping in enige beroep kan vervul. In hierdie verband moet veral gelet word op die verskynsel dat ook die meerderheid van daardie matriekseuns wat waarskynlik ander beroepe as die onderwys sal kies, roepingsbewustheid as die vernaamste rede vir hulle keuse aandui (kyk bylae 8, vraag 9.6). Dit is derhalwe 'n foutiewe veronderstel= ling dat roepingsbewustheid, of erger nog - sogenaamde idealisme - geëksploi= teer moet word om matriekseuns te oorreed om onderwysers te word.

Dit is bemoedigend om te weet dat waarskynlike manlike rekrute tot die onderwys, en by uitstek Afrikaanssprekendes, vanself 'n hoë premie op roepingsbewustheid plaas en salaris en diensvoorwaardes van die onderwyser waarskynlik geen noemens= waardige motivering vir die aspirant-onderwyser inhou nie (kyk par. 5.4.7). Die feit dat slegs 'n onbeduidende persentasie matriekseuns na die salaris en diens= voorwaardes van die onderwyser verwys as belangrikste rede waarom hulle die onder= wys as loopbaan kies, (kyk bylae 7, vraag 9.2 en 9.3) mag beteken dat hierdie fak= tor in die geheel gesien, weinig aanmoediging inhou. Feit is dat die onderwys as besondere beroep minder rekrute motiveer om hulle algemene roeping daarin tot

vervulling te bring.

Alles in aanmerking geneem, kan redelikerwys gekonkludeer word dat roepingsbe= wustheid waarskynlik een van die vernaamste redes is waarom waarskynlik meer Transvaalse Afrikaanssprekende matriekseuns tot die onderwys sal toetree as Engelssprekendes (kyk par. 5.4.7).

6.3.5 Dit geld duidelik vir die hele toetspopulasie dat seuns hoofsaaklik in standerds 9 en 10, en in 'n mindere mate in standerd 8, besluit watter beroep hulle gaan beoefen, want volgens die geskatte persentasie sal 79% (kyk bylae 6, vraag 10.4, 10.5 en 10.6) in genoemde standerds besluit op 'n toekomstige beroep.

6.3.6 Die gegewens uit paragrawe 5.4.10.1 tot 5.4.10.12 toon dat die mate waartoe die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel, oor liefde vir kinders beskik (81,8%), die vermoë om Christelike beginsels te handhaaf (81,8%), stipt= heid (81,8%), selfbeheersing (81,8%), selfvertroue (81,8%), persoonlike netheid (72,7%), strengheid dog regverdigheid (72,7%), simpatieke optrede (63,6%), die vermoë om vertroue in te boesem (63,6%), geduld (63,6%) en verdraagsaamheid (54,5%) in direkte verband staan met hulle toetrede tot die onderwys, want juis uit dié strata wat, volgens hulle eie oordeel, ruim bedeeld is met bogenoemde eienskappe kom ooreenkomstig meer waarskynlike rekrute tot die onderwys (kyk par. 5.4.11).

Verdere ontleding toon dat die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, volgens hulle eie oordeel,moontlik in 'n groter mate oor bogenoemde eienskappe beskik, behalwe humorsin, as diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie(kyk par. 5.4.11).
Dit is ook opvallend dat die Afrikaanssprekende matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies waarskynlik in 'n ruimer mate oor bogenoemde eien= skappe beskik as hulle Engelssprekende eweknie, platteland uitgesluit, en die plattelandse Engelssprekende weer in 'n ruimer mate as die stedelike Engelsspre= kende. Moontlik is dit 'n rede waarom meer Afrikaanssprekende matriekseuns as Engelssprekendes en meer plattelandse Engelssprekendes as stedelike Engelsspre= kendes waarskynlik tot die onderwys sal toetree (kyk ook bylae 7, vrae 11 tot en met 22 en tabel 1).

6.3.7 Die waarskynlikheid dat die gehalte van sommige onderwysers twyfel= agtig is, wek kommer. Dit is onrusbarend dat, volgens hulle eie oordeel, sommige Transvaalse matriekseuns (57%) (kyk bylae 6, vraag 24.1), onderwysers teëgekom het wat as identifikasiefiguur teleurgestel het, terwyl slegs 49% (kyk bylae 6, vraag 23.1) van die totale populasie Transvaalse matriekseuns 'n onderwyser teëgekom het wat matriekseuns as identifikasiefiguur positief beïndruk het. Moontlik is dit 'n rede waarom slegs 11% ± 1% (kyk bylae 6, vraag 7.1) Transvaalse matriekseuns waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies. Die geringe effektiewe invloed van persone aan die skool verbonde op die keuse van die onderwys deur Transvaalse matriekseuns, bevestig die stelling dat die onderwyser dikwels 'n teleurstellende identifikasiefiguur is (kyk par. 5.4.21).

Die waarskynlikheid dat minder Engels- as Afrikaanssprekende matriekseuns die onderwys as loopbaan sal kies kan moontlik toegeskryf word aan die veel minder onderwysers wat hulle teëkom wat hulle positief beïndruk (kyk par. 5.4.12.1).

6.3.8 Daar bestaan geen twyfel by die meerderheid Transvaalse matriekseuns dat die onderwys 'n beroep vir beide mans en dames is nie. Dit blyk uit die 88% van die populasie as 'n geheel (kyk bylae 6, vraag 25.3 en par. 5.4.12.3), 100% (kyk bylae 7, vraag 25.3) van dié wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies, en 86,5% (kyk bylae 8, vraag 25.3) van diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie wat die mening huldig dat die onderwys 'n beroep vir mans en dames is. Dit is klaarblyklik nie geregverdig om die onderwys as 'n vroueprofessie te bestempel nie. Dit kan ook nie as 'n rede daarvoor aangevoer word dat so min matriekseuns tot die onderwys toetree nie (kyk par. 5.4.12.3).

6.3.9 Die feit dat so min stedelike Engelssprekende matriekseuns (5%) (kyk tabel 1) tot die onderwys toetree, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle nie so goed as stedelike Afrikaanssprekendes en plattelandse Engelssprekendes ingelig is aangaande die onderwys as moontlike loopbaan nie (kyk par. 5.4.12.4).

6.3.10 Afrikaanssprekende matriekseuns as groep asook stedelike Afrikaans= sprekendes beskik, volgens hulle eie oordeel, waarskynlik in 'n meerdere mate oor die genoemde eienskappe van 'n goeie onderwyser as hulle Engelssprekende eweknie, terwyl plattelandse Engelssprekendes waarskynlik in 'n meerdere mate oor dié eien= skappe beskik as stedelike Engelssprekendes (kyk par. 5.4.22 en bylaes 6, 7 en 8,

vrae 11 tot 22). Dit dui waarskynlik daarop dat ander waardes en norme nage=streef word in die stedelike Engelsmedium sekondêre skole en dat 'n anders toege=ruste produk deur hulle gelewer word as deur Afrikaansmedium-en plattelandse Engelsmedium sekondêre skole. Hierdie hipotese verg nadere ondersoek, aangesien dit moontlik 'n belangrike rede is waarom so min stedelike Engelssprekende matriek=seuns tot die onderwys toetree.

6.3.11 Faktore soos liefde vir 'n vak, die sekuriteit wat die onderwys bied, die beskikbaarheid van beurse, roepingsbewustheid, die werksomstandighede en die diensvoorwaardes van die onderwyser oefen van 'n baie sterk tot sterk positiewe invloed uit op die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies (kyk par. 5.4.15). Hierdie faktore oefen egter 'n heelwat geringer positiewe invloed uit op die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie. Dit blyk egter baie duidelik dat die status en salaris van die onderwyser in albei groepe slegs in 'n geringe mate figureer as positief beïnvloedende faktor, terwyl die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie, nie juis beïndruk is met die onderwyser se diensvoor=waardes nie. Vakansies, die lengte van die werksdag en die beskikbaarheid van beurse is van dié faktore wat 'n sterker positiewe invloed uitoefen op die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys loopbaan sal kies nie (kyk par. 5.4.15).

Hieruit kan moontlik afgelei word dat matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie minder roepingsbewus is as dié wat waarskynlik die onder=wys as loopbaan sal kies en dat hulle ook meer materialisties georiënteerd is en dit figureer sterker by Engels- as Afrikaanssprekendes (kyk bylaes 7 en 8, vrae 27 tot 36). Dit is moontlik nog 'n rede waarom minder Engels- as Afrikaans=sprekende matriekseuns tot die onderwys toetree.

6.3.12 Onder die faktore wat waarskynlik daartoe aanleiding gee dat so min matriekseuns tot die onderwys toetree, is die onderwysers se stryd om hoër sala=risse die enigste werklike faktor wat by uitstek 'n baie negatiewe invloed uit=oefen. Dit word weerspieël deur die 72,7% van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies en die 75,6% van dié wat waarskynlik nie tot die onderwys sal toetree nie en wat daarop dui dat salaris en die periodieke stryd om salarisse 'n baie belangrike rede is waarom

so min matriekseuns tot die onderwys toetree (kyk bylaes 7 en 8, vraag 39 en par. 5.4.17).

Ander faktore wat deur die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waar= skynlik nie tot die onderwys sal toetree nie genoem word en wat in 'n geringer mate figureer as redes waarom so min matriekseuns tot die onderwys toetree, is: die onderwyser het te veel "base" (46,3%), die publiek se houding teenoor die onderwys (43,9%) en te veel voorskrifte aan die onderwyser (kyk par. 5.4.17). Dit is ook opvallend dat oor die algemeen die Engelssprekende populasie,en veral die stedelike Engelssprekendes,in 'n groter mate deur die genoemde faktore ont= moedig word om tot die onderwys toe te tree as die ooreenstemmende Afrikaansspre= kendes en plattelandse Engelssprekendes.

Hieruit kan moontlik afgelei word dat die onderwyser, volgens die oordeel van matriekseuns, te veel aan bande gelê word en nie die geleentheid gebied word om selfstandig op te tree nie en dat dit waarskynlik 'n rede is waarom so min rekrute tot die onderwys toetree.

6.3.13 Uit paragraaf 5.4.19 blyk dit dat matriekseuns oor die algemeen van mening is dat die onderwyser se salaris, en in 'n mindere mate sy bevorderings= moontlikhede, heelwat swakker is as dié van die man in die privaatsektor. Hier= die waarneming figureer sterker by Engels- as Afrikaanssprekendes en dit is moont= lik 'n rede waarom so min matriekseuns, en in die besonder Engelssprekendes, die onderwys as loopbaan kies.

6.3.14 Daar is 37,8% van die geskatte persentasie Transvaalse matriekseuns wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie wat van mening is dat kandi= date te maklik toegelaat word tot onderwysersopleiding. By die akademies meer begaafde matriekseun skep dit waarskynlik die indruk dat die onderwysberoep 'n minderwaardige beroep is as die vereistes om as onderwyser opgelei te word, na sy mening, nie veel van hom verg nie. Moontlik is dit 'n rede waarom die onder= wys volgens die resultate van hierdie ondersoek so 'n geringe aantal rekrute, veral uit die Engelssprekende geledere en in die algemeen uit die geledere van die begaafde matriekseuns, trek (kyk par. 5.4.3 en par. 5.4.18.3).

6.3.15 Die invloed van persone met wie die totale populasie matriekseuns dikwels in aanraking kom, toon dat dié wat aan die skool verbonde is waarskynlik die matriekseuns meer aanmoedig om tot die onderwys toe te tree as die persone wat nie aan die skool verbonde is nie (kyk par. 5.4.21). Word daar egter gelet op die effektiewe invloed (kyk par. 5.4.21) blyk dit dat persone wat nie aan die skool verbonde is nie, naamlik ouers, familie en vriende waarskynlik 'n groter effektiewe invloed uitoefen op matriekseuns by die keuse van die onderwys as loopbaan as dié wat aan die skool verbonde is. Dit dui daarop dat voorligting op skool - en veral in standerds 8 tot 10 (par. 5.4.8) - van seuns ten opsigte van die onderwys as beroep noodsaaklik is; dat alle onderwysers gemotiveer moet word om leerlinge positief in te stel teenoor die onderwys as beroep; en veral dat daar ernstige pogings aangewend moet word om 'n positiewe gesindheid by die ouers en breë publiek teenoor die onderwys as beroep te wek.

Dit is veelseggend dat baie onderwysers, in die oë van matriekseuns, as identifi= kasiefigure te kort skiet en sodoende 'n geringe positiewe en selfs negatiewe in= vloed op die keuse van onderwys as beroep uitoefen (par. 5.4.20.2 tot 5.4.20.6). Dit is 'n aangeleentheid wat die ernstige aandag van die onderwysers en ook van die georganiseerde professie verg.

## 6.4 AANBEVELINGS EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

6.4.1 'n Landswye bekendstelling van die tekort aan mans in die onderwys en die gebrekkige toetrede van manlike kandidate is noodsaaklik. Dit het lank genoeg statistiek gebly waarvan waarskynlik net die owerhede bewus was. Die opvoedings= nood waarin die kind, en in sonderheid die seun verkeer, is hoog en kan nie langer "geheim" gehou word nie. Die feit dat albei ouers 'n *man* en 'n *vrou* en onderwysers van albei geslagte hiervoor nodig is, moet beklemtoon word. Die behoefte wat die seun het aan 'n vaderlike identifikasiefiguur moet prominente aandag geniet sodat vaders opgeskerp word om hulle God-opgelegde plig teenoor hulle seuns na te kom. Ook moet beklemtoon word dat die beeld van manlike volwassenheid ook op skool, in die persoon van die onderwyser, onmisbaar is om die seun tot volwaardige manlikheid te laat ontplooi (kyk par. 2.2.5.3.3).

Daardie sake wat in hoofstuk 2 in bogemelde verband genoem is, en wel in paragrawe 2.2.1.2 tot 2.2.5.3 moet met alle mag op oueraande by skole, op vergaderings van vroue- en kultuurverenigings, in die pers, oor die radio en in televisieprogramme bekend gemaak word sodat die hele blanke bevolking van Suid-Afrika daarvan kennis

kan neem. Gekoppel hieraan moet daar 'n intensiewe, landswye en volgehoue re= klameveldtog georganiseer word om die roeping van veral die man in die onderwys- en die uitdagings en geleenthede wat dit aan die man bied - voor die oë van die hele blanke bevolking te bring en te hou. Alleen dan - as die opvoedings= nood waarin die jeug verkeer bekend word - sal daar moontlik oplossings vir hierdie probleem gevind word.

6.4.2 Die feit dat daar enersyds waarskynlik te min manlike rekrute vir die onderwys gevind word (kyk par. 6.3.1 hierbo en par. 5.4.1) en andersyds dat die rekrute wat wel gevind word,waarskynlik hoofsaaklik uit die geledere van diegene wat akademies swakker presteer sal kom, (kyk par. 5.4.2; 5.4.3 en 6.3.2) konfron= teer die onderwysowerheid ongetwyfeld met 'n netelige probleem: strenger keuring op akademiese gronde sal die tekort blykbaar vererger, terwyl minder streng keuring op akademiese gronde die tekort moontlik kan verlig, maar die gehalte verder kan laat daal.

Die antwoord op die dilemma is waarskynlik daarin geleë dat die onderwys aantrek= liker gemaak moet word vir die seun wat op skool van goed tot uitstekend presteer. Hier is werklik kompeterende salarisse, merietetoekennings, promosiegeleenthede, geleenthede om kwaliteit te bewys, inisiatief te verwesenlik en veral die aansien van die onderwysberoep, ter sake. Aan sekere van hierdie sake is in die jongste verlede, by wyse van 'n nuwe salarisstruktuur en die instelling van 'n Onderwysers= raad, prysenswaardige aandag geskenk. Genoemde pogings moet egter steeds dina= mies verder gevoer word en dit moet veral deurwerk na die breë publiek todat 'n volksgevoel gewek word van hoë agting en waardering vir die onderwys. Dit is 'n langtermynoplossing.

Hiernaas moet egter nogtans aandag geskenk word aan werklik wetenskaplik-verant= woorde keuring, sodat almal kan sien dat die onderwys sy rekrute met sorg en streng= heid keur (kyk par. 5.4.19) en dat die beroep gesteld is op hoë standaarde. Met hierdie ondersoek kon skrywer nie by die Transvaalse Onderwysdepartement, Onder= wyskolleges of sekondêre skole 'n wetenskaplike, gestandaardiseerde toets of keuringsmetode kry (kyk ook par. 3.3.2) wat uniform deur persone wat keuring be= hartig, gebruik word nie. Daar moet so gou moontlik 'n komitee benoem word, indien dit nie reeds gedoen is nie, om 'n werklik wetenskaplik-gefundeerde stelsel van keuring op te stel wat gebruik kan word om matrikulante,en veral matriekseuns wat tot die onderwys wil toetree,te keur. Die feit dat die onderwys vandag mank gaan aan die eens gevoelde hoë status wat in die dae van "meester" gegeld het, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat heelwat van die beste mans en dames

die onderwys verlaat het vir ander beroepe en dat heelwat minder begaafdes oorgebly het. "Ervaring het geleer dat op die beroepsterrein 'n sukkelende bestaansmoontlikheid geen kweekbodem is vir idealisme nie. Trouens is waar: plaas 'n prys op 'n man se werk, sorg goed vir hom en idealisme in sy suiwerste vorm kom met oorgawe tot sy reg" (Steyn, 1975, p. 8). Geen Onderwysersraad of salarisverhogings of selfs streng keuring, sal op sigself die status van die onderwyser verhoog nie. Dit moet ook aangevul word deur hoë intellektuele eise tydens die opleiding van die onderwyser aan hom te stel (Viljoen, 1976, p. 3). Slegs rekrute van gehalte, wat op skool reeds skolasties uitgeblink het, moet die toets kan deurstaan.

Onwetenskaplike en te ligte keuring van rekrute vir die onderwys, soos dit tans is (kyk par. 3.3.2), kan hoegenaamd nie verder geduld word nie, want dit lei eerder daartoe dat die onderwysberoep voorsien word van die swakker gehalte kandidate (kyk par. 5.4.2 en par. 5.4.3), wat op sy beurt die status van die onderwyser verlaag - en so word 'n bose kringloop in stand gehou.

6.4.3 Ondersoek na verdere knelpunte in die onderwys, behalwe die wat in hierdie ondersoek blootgelê is, moet so gou as moontlik ingestel word. Hierdie inligting moet nie van hoofde van skole verkry word nie, maar van die onderwyser/e voor die klas. Die hoofde van skole voel moontlik moreel verplig om die indruk te skep dat dit goed gaan met die man in die klaskamer. 'n Voorbeeld hiervan: "Kolleges en universiteite word vanjaar oorstroom deur studente wat onderwysers wil word. Daar is soveel aspirantonderwysers dat honderde weggewys moes word" (Maree, 1978b, p. 24). Hierdie berig is 100% waar, maar om een of ander onbekende rede word daar in die berig nie na mans of dames verwys nie. Slegs die personeel aan onderwyskolleges en sommige aan die universiteite weet dat hier by uitstek na dames verwys word. Die algemene publiek wat hierdie berig lees, word bewus of onbewus, deur sulke beriggewing om die bos gelei. Hulle glo op grond van sulke beriggewing dat daar geen probleme in verband met personeelvoorsiening, veral mans, bestaan nie.

Bevindings van so 'n ondersoek, waar die onderwyser direk by betrokke is, kan moontlik 'n groot bydrae lewer tot die verwydering van die knelpunte en frustrasie in die onderwys - wat veral deur vaders wat in die onderwys staan, op hulle seun geprojekteer word (kyk par. 5.4.4). Eers as die ruggraat van die onderwys - die onderwyser - tevrede, gelukkig en sterk is, sal hy vanself die positiewe beeld van die onderwys uitdra, sal hy deur sy eie optrede en voorbeeld vir meer

'n positiewe identifikasiefiguur tuis en in die skool wees en sal meer van hulle moontlik tot die onderwys toetree. So kan 'n gewensde en goeie kringloop gestig word.

6.4.4 Indien die salaris en diensvoorwaardes van die onderwyser op dieselfde peil as dié van die man in die privaatsektor gebring word, sal moontlik meer en beter akademies-toegeruste matriekseuns hulle na die onderwys as toekomstige be= roep wend. Dit is verder belangrik dat die Engelssprekende deel van die bevolking kennis moet neem van die moontlike gebrek aan roepingsbewustheid onder die Engelssprekende manlike rekrute vir die onderwys (kyk par. 5.4.7 en par. 5.4.14.6). Voortplaning van die mooi en trotse kulturele erfenis van die Engelssprekende populasie, verg dat ook in sy geledere voldoende roepingsbewuste rekrute vir die onderwys gevind moet word. Die Engelssprekende bevolking sal dringend aandag moet skenk aan die terugkeer van die Engelssprekende onderwyser tot die onderwys, sodat die Engelssprekende onderwyser self sy kultuur en tradisies kan verbeeld.

6.4.5 Daar moet daadwerklike pogings aangewend word om voldoende, deeglik-gekeurde en goedopgeleide manspersoneel aan alle primêre skole te voorsien, want juis op hierdie stadium in die seun se lewe soek hy na 'n figuur met wie hy hom kan identifiseer. In sekondêre skole moet veral in standerd 8 - en in sonder= heid in standerds 9 en 10 - wat die kritieke tye vir werwing van rekrute vir die onderwys is - besondere aandag aan voorligting aangaande onderwys as beroep be= stee word (kyk par. 5.4.8 en par. 6.3.5). Die onderwys het beslis hier 'n voordeel bo alle ander beroepe. Hiervan moet gebruik gemaak word, maar dit kan alleen suksesvol benut word as daar voldoende voortreflike manlike personeel is wat die onderwyser positief verbeeld.

6.4.6 Die komitee (kyk par. 6.4.2) wat belas word met die ontwerp van 'n wetenskaplik-gefundeerde stelsel van werwing en keuring van rekrute vir die onder= wys, kan moontlik gebruik maak van voorgaande bevindings betreffende die mate waartoe rekrute oor die eienskappe van die goeie onderwyser beskik (kyk par. 5.4.10.1 tot 5.4.10.12 en par. 6.3.6), aangesien dit moontlik lig kan werp op 'n persoonlikheidspatroon wat voorkom by seuns wat tot die onderwys aangetrokke voel. Dit is trouens onmoontlik dat persone wat slegs in 'n geringe mate oor genoemde eienskappe beskik 'n suksesvolle onderwyser sal kan word. Dit is ook duidelik dat daar onder diegene wat waarskynlik nie die onderwys as loopbaan sal kies nie 'n genoegsame persentasie is wat, volgens hulle eie oordeel, in 'n baie

hoë mate en hoë mate oor genoemde eienskappe van die goeie onderwyser beskik (kyk bylae 8, vrae 11 tot 22). Dit sal dus moontlik en lonend wees om van hulle te probeer werf vir die onderwys.

6.4.7 In die opleiding van aspirant-onderwysers moet daar baie deeglik re= kening gehou word met die geestesgoedere wat die onderwyser nodig sal hê om sy roeping te vervul. Dié toerusting kan slegs aan studente toevertrou word wat met erns die selfopgelegde taak van onderwyser-opvoeder aanvaar het. Daarby moet onderwysersopleiding toegespits wees op die volkome voorbereiding, vorming en toerusting van die onderwyser sodat hy in alle opsigte inderdaad identifikasie= figuur sal wees (kyk par. 5.4.12.1). Die vader van vandag het dikwels nie die tyd om as effektiewe identifikasiefiguur te dien nie en heelwat vaders beskik moontlik ook nie oor die vermoë of kennis om hulle kinders in hulle geestelike nood by te staan nie (kyk par. 2.2.12 tot par. 2.2.5.3.3). In vandag se kom= plekse samelewing tree die onderwyser as aanvullende identifikasiefiguur op en móét daar gesorg word - al is dit net ter wille van die kind - dat hy slegs die heel beste is en nie slegs die beste beskikbare nie (kyk ook par. 5.4.12.2 en par. 5.4.21).

6.4.8 Opvoedkundiges, onderwysleiers en onderwysers moet daarteen waak om persoonlike menings te lug wat moontlik daartoe kan bydra om mans negatief in te stel teenoor die onderwys as beroep en veral teenoor die primêre onderwys. So byvoorbeeld, hou die mening dat die primêre onderwys 'n vrouevesting is soda= nige gevaar in. Seuns neem kennis van sodanige menings en kan moontlik daar= deur ontmoedig word om tot die onderwys toe te tree. Dit is opmerklik dat hier= die mening klaarblyklik nie deur die Transvaalse matriekseuns wat by hierdie ondersoek betrokke was, gehuldig word nie (kyk par. 5.4.12.3). Daar moet eerder positief gedink, gepraat en geskryf word deur die noodaaklikheid van en die ge= leenthede vir dienslewering deur die man in die onderwys te beklemtoon.

Omdat Transvaalse matriekseuns klaarblyklik nog nie van mening is dat die onder= wys 'n vrouevesting is nie, moet daar waarskynlik ander redes wees waarom hulle nie geredelik tot die onderwys toetree nie. Hierdie redes (kyk par. 5.4.16 en par. 5.4.17) moet blootgelê en uit die weg geruim word (kyk ook par. 6.4.3).

6.4.9 Omdat meer rekrute tot die onderwys toetree wat, volgens hulle eie mening, ingelig is oor die onderwys as moontlike loopbaan (kyk par. 5.4.12.4 en

par. 5.4.13) is dit noodsaaklik dat beter en positiewe voorligting aan alle sekondêre skole, maar veral by Engelsmediumskole en in sonderheid stedelike Engelsmediumskole, gegee word. Hierdie voorligting moet deur 'n verantwoordelike onderwyser wat 'n positiewe beeld van die skool en die onderwys uitdra, gegee word (kyk ook par. 5.4.21).

6.4.10 Die huidige beleid van "geheimhouding" oor die onderwyser se salaris skep die indruk dat daar nog iets is wat weggesteek word! Sonder die goeie samewerking van die pers, die radio en televisie kan geen positiewe beeld van die onderwys geprojekteer word nie. Dit skep 'n baie swak indruk by potensiële rekrute as hulle moet sukkel om inligting aangaande die salaris van die onderwyser in die algemeen te bekom. Die goeie gebruik - van die verlede - kan weer in gebruik gestel word deur die salarisse van onderwysers in die amptelike stukke te publiseer (kyk par. 5.4.19).

6.4.11 Onder diensvoorwaardes van die onderwyser moet die volgende dringende aandag geniet (kyk par. 5.4.15 en par. 5.4.17):

Die kwessie van behuising en subsidie aan onderwysers moet onder die soeklig geplaas word. 'n Onderwyser wat oor die afgelope 20 jaar drie keer moes verhuis vanweë bevordering het letterlik duisende rande verloor met die verkoop en koop van eiendom. Die Onderwysdepartement moet ondersoek instel na 'n moontlike assuransieskema wat alleenlik van toepassing is op onderwysers wat vanweë bevordering hulle eiendom moet verkoop. Hierdie assuransie moet daartoe meehelp dat die onderwyser in sy nuwe werkkring 'n huis kan bekom, soortgelyk aan dié wat hy moes verkoop, sonder om finansieël te verloor.

Studieverlof van die onderwyser moet so aangepas word dat, as hy sy studie binne die voorgeskrewe tyd afhandel, al die verlof deur die Onderwysdepartement toegeken word. Sou die onderwyser nie sy studie in die voorgeskrewe tyd afhandel nie kan die helfte van die studieverlof van die onderwyser se vakansieverlof verhaal word. Onkoste in verband met die studie moet vir inkomstebelasting doeleindes afgetrek kan word.

Die diensvoorwaardes van onderwysers moet baie sterk beklemtoon word tydens werwing en aan voornemende rekrute beskikbaar gestel word vir kennisname en bestudering. In werklikheid bied die onderwys interessante werk, betrokkenheid met die medemens, geleentheid vir naasteliefde, geleenthede vir verdere studie, geleent=

hede vir gebruik van eie inisiatief en 'n uitmuntende pensioenskema - in kort beroepssatisfaksie en -sekuriteit. Dit is egter baie belangrik dat die onderwyser die geleentheid gebied moet word om as professionele mens professioneel op te tree, vertroue in hom moet onmiskenbaar wees en sy selfstandigheid moet erkenning geniet sodat hy op eie inisiatief, met minder voorskrifte kreatief kan skoolhou en sy eie metodes kan implementeer. Hy is immers hiertoe professioneel opgelei (kyk par. 5.4.17). Oor die hele kwessie van inspeksie moet deeglik besin word, want soos dit op die oomblik is, lei dit dikwels tot wrywing (kyk par. 6.3.12).

6.4.12 Die tyd het moontlik aangebreek om op groot skaal die voortreflikheid (kyk par. 5.4.15 en par. 6.4.11) van die onderwys en die uitdagings wat dit in die moderne samelewing inhou op groot skaal te propageer. Hierdeur kan die breë publiek beter ingelig word aangaande die onderwyser en sy probleme. Op hierdie stadium is daar te veel mense wat te min weet van die onderwyser en sy werk (kyk bylae 6, vraag 26.2 en 26.3; vraag 47.1 en vraag 48.1).

## 6.5 TEKORTKOMINGS VAN DIE ONDERSOEK

6.5.1 Die proefpersone was almal slegs aan Transvaalse sekondêre skole vir blankes verbonde. Alle bevindinge het derhalwe slegs betrekking op die onder= hawige universum en kan nie veralgemeen word nie. Die hoop word gekoester dat hierdie ondersoek opgevolg sal word deur 'n empiriese studie van 'n verteenwoor= digende steekproef van alle Suid-Afrikaanse blanke matriekseuns, ten einde hierdie bevindinge deeglik te toets.

6.5.2 Daar is ten aansien van persoonlike menings van Transvaalse matriek= seuns wat waarskynlik die onderwys as loopbaan sal kies slegs algemene tendense bepaal. Ten einde spesifieke afleidings beter te omlyn is dit nodig om dieper in te dring in hierdie aspekte.

## 6.6 NEWE PRODUKTE

Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat verdere ondersoek rondom die onderhawige probleem noodsaaklik is. Die volgende kan genoem word:

6.6.1 Die probleem moet landswyd ondersoek word. 'n Steekproef uit die hele

skoolbevolking moet by 'n soortgelyke ondersoek betrek word.

6.6.2 'n Besondere ondersoek moet ingestel word na die invloed van persone wat aan die skcol verbonde is op die keuse van onderwys as beroep, ten einde vas te stel waarom die oënskynlik hoë mate waartoe Transvaalse matriekseuns deur hulle aangemoedig word om die onderwys as loopbaan te kies, tot 'n betreklik geringe effektiewe resultaat lei.

6.6.3 Ondersoek moet ingestel word om uit te vind in watter mate persone in uitvoerende poste in die onderwys daarin geslaag het om hulle eie seuns te beïnvloed om tot die onderwys toe te tree, indien hulle nie daarin kon slaag nie, kan die redes wat blootgelê word van veel betekenis wees.

6.6.4 Ook moet ondersoek ingestel word na die wyse waarop jongmanne wat in beherende poste aangestel is daarin slaag om hulle taak te vervul en in watter mate hulle moontlik daartoe bydra dat manspersoneel uit die onderwys bedank.

6.6.5 Navorsing moet gedoen word om vas te stel in hoe 'n mate mans sukses=vol opgelei kan word vir junior primêre onderwys (kyk par. 3.4).

6.6.6 Die ouer as primêre opvoeder moet tot die besef gebring word dat opvoeding en onderwys op skool terwille van hulle eie kinders gedoen word. Dit is dus die ouers wat moet aandring dat alleen die beste, nie die beste beskikbare, onderwysers vir hulle kinders skoolhou. Weë moet gevind word waarlangs die ouers bereik kan word om hulle te oortuig van die belangrikheid om hulle samewerking in die verband te verkry.

## 6.7 SLOTOPMERKING

Die hoop word gekoester dat hierdie ondersoek inderdaad daartoe sal bydra om ver=dere belangstelling te wek in die probleme wat aangesny is, maar ook om 'n groter toevloei van mans tot die onderwys te bevorder.